(i) When the general level of offering prices to the United Kingdom market from South Africa for any product in the attached Annex is (after taking into account any customs duty chargeable) below the appropriate prescribed minimum import price for that product, the Government of the United Kingdom may, after notifying the Government of South Africa, apply a levy generally equivalent to the difference between the two to that product for so long as such conditions make it necessary.

(ii) Wanneer 'n indiwiduele besending van enige produk in die Bylae genoem sy oorsprong het in en uit Suid-Afrika na die Verenigde Koninkryk versend is en die prys wat daarvoor betaal is, tesame met enige doeaneregte wat betaalbaar mag wees en enige heffing ingevolge subparagraaf (i) hierbo, minder as die toepaslike minimum prys is, kan 'n heffing gelyk aan die verskil tussen die twee opgelê word. Onder die omstandighede in subparagrawe (i) en (ii) hierbo beskryf, kan sodanige heffings deur die Regering van die Verenigde Koninkryk toegepas word nieteenstaande hul verpligtings teenoor die Regering van Suid-Afrika met betrekking tot die produkte in die Aanhangsel genoem, soos in Skedule XIX van die Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel en in die Ooreenkoms tussen die Regering van die Verenigde Koninkryk en die Regering van Suid-Afrika, geteken te Ottawa op 20 Augustus 1932, gespesifiseer. Dit is ook die Regering van die Verenigde Koninkryk se voorneme om by die uitvoering van hierdie reëlings gepaste voorsiening te maak om bevooroordeling by gewone handelspraktyke ten opsigte van vooruitkontraktering te verhoed.

6. Die Regering van die Verenigde Koninkryk sal die minimum invoerprysreëlings voor die begin van elke oesseisoen, wat op 1 Julie 'n aanvang neem, of op versoek gedurende 'n oesseisoen, in oorleg met die Regering van Suid-Afrika en ander meewerkende Regerings hersien. Indien dit as gevolg van so 'n hersiening bevind word dat die minimum invoerprysreëlings 'n aanmerklike verandering in die patroon van die handel in die produkte gedek deur hierdie Nota tussen meewerkende Regerings wat die Verenigde Koninkryk voorsien, tot gevolg gehad het, en gevolglik die gevestigde handelsbelange van die Regering van Suid-Afrika benadeel het of dreig om dit te benadeel, sal die Regering van die Verenigde Koninkryk in oorleg met die Regering van Suid-Afrika en die ander meewerkende Regerings en in ooreenstemming met die prosedures in paragraaf 4 hierbo uiteengesit, doeltreffende stappe ter verbetering doen om die toestand reg te stel.

7. Dit is die voorneme van die Regering van die Verenigde Koninkryk om die minimum invoerprysskema sodanig te laat funksioneer dat dit nie 'n verswakking van die voordele wat voorkeurleweransiers onder hul bestaande voorkeure in die Britse mark geniet, tot gevolg sal hê nie. As dit bevind word dat hierdie voorneme nie verwesenlik word nie of dreig om nie verwesenlik te word nie, sal die Regering van die Verenigde Koninkryk, na oorlegpleging met die ander meewerkende Regerings, doeltreffende stappe ter verbetering doen.

8. In die lig van al hierdie oorwegings, is dit die opvatting van die Regering van die Verenigde Koninkryk dat die Regering van Suid-Afrika so ver moontlik sal saamwerk in die uitvoering en nakoming van die minimum invoerpryse voorgeskryf vir die produkte gedek in die Bylae van hierdie Nota, onderworpe aan die verstandhoudings hierin uiteengesit.

9. Hierdie Ooreenkoms kan deur enigeen van die twee Regerings beëindig word deur vooraf minstens vier maande skriftelik aan die ander een kennis daarvan te gee. Dit is ook die opvatting dat enige maatreëls wat as gevolg van hierdie Notawisseling getref is, beëindig sal word vir sover onderling ooreengekom word dat dit onbestaanbaar is met, of vervang word deur die bepalings van enige internasionale reëlings waarby sowel die Regering van die Verenigde Koninkryk as die Regering van Suid-Afrika later partye word. Oorlegpleging in verband met die werking van hierdie Ooreenkoms kan te enige tyd op versoek van enigeen van die twee Regerings plaasvind.

10. Indien die voorgaande vir die Regering van Suid-Afrika aanvaarbaar is, het ek die eer om voor te stel dat hierdie Nota, tesame met die Bylae, en u Eksellensie se antwoord met daardie strekking, geag word 'n Ooreenkoms uit te maak tussen die twee Regerings, wat op vandag se datum in werking sal tree.

Met hoogagting die uwe,

DUNDEE.

(ii) When an individual parcel of any product in the Annex originated in and was consigned from South Africa to the United Kingdom and the price paid for that parcel, together with any customs duty chargeable and any levy applicable under sub-paragraph (i) above is less than the appropriate minimum price, a levy equal to the difference between the two may be applied.

In the circumstances described in sub-paragraphs (i) and (ii) above such levies may be applied by the Government of the United Kingdom notwithstanding their commitments to the Government of South Africa with respect to the products listed in the Annex, as specified in Schedule XIX annexed to the General Agreement on Tariffs and Trade, and under the Agreement between the Government of the United Kingdom and the Government of South Africa signed at Ottawa on 20th August, 1932. It is also the intention of the Government of the United Kingdom that in the implementation of these arrangements suitable provision shall be made to avoid prejudice to normal trade practices of forward contracting.

6. The Government of the United Kingdom shall review the minimum import price arrangements before the beginning of each crop year commencing on the 1st July, or on request during a crop year, in consultation with the Government of South Africa and other co-operating Governments. If it is found as a result of such a review that the minimum import price arrangements have resulted in an appreciable distortion of the pattern of trade in the products covered by this Note between co-operating Governments supplying the United Kingdom and in consequence have damaged or threaten to damage the established trade interests of the Government of South Africa, the Government of the United Kingdom shall take effective corrective action in consultation with the Government of South Africa and other co-operating Governments and in accordance with the procedures outlined in paragraph 4 above to remedy the situation.

7. It is the intention of the Government of the United Kingdom so to operate the minimum import price system that it shall not result in an impairment of the benefits enjoyed by preferential suppliers from their existing preferences in the United Kingdom market. If it is found that this intention is not fulfilled or threatens not to be fulfilled, the Government of the United Kingdom shall take effective corrective action after consultation with other co-operating Governments.

8. In the light of all these considerations it is the understanding of the Government of the United Kingdom that the Government of South Africa will co-operate so far as practicable in the operation and observance of minimum import prices prescribed for the products covered in the Annex to this Note subject to the understandings set out herein.

9. This Agreement may be terminated by either Government giving not less than four months' notice in writing. It is also understood that any measures taken as a result of this Exchange of Notes shall be terminated in so far as it is mutually agreed that they may be inconsistent with, or superseded by, the provisions of any international arrangements to which both the Government of the United Kingdom and the Government of South Africa later become parties.

Consultations regarding the operation of this Agreement may be held at any time at the request of either Government.

10. If the foregoing is acceptable to the Government of South Africa, I have the honour to suggest that this Note, together with its Annex, and Your Excellency's reply to that effect, shall be regarded as constituting an Agreement between the two Governments, which shall enter into force on this day's date.

I have the honour to be, with the highest consideration,
Your Excellency's obedient servant,

DUNDEE.

BYLAAG.

PRODUKTE WAT GESPESIFISEER MOET WORD.

Tariefpos.	*Beskrywing.*
B.N. 10.01.....	Koring en mengkoring.
B.N. 10.03.....	Gars.
B.N. 10.04.....	Hawer.
Ex. B.N. 10.05.....	Mielies, uitgesonderd suikermielies aan die stronk.
Ex. B.N. 10.07.....	Graansorghum.
Ex. B.N. 11.01.....	Graanmeelblom, uitgesonderd rysmeelblom.
Ex. B.N. 11.02.....	Graangort, graanmeel, ander verwerkte grane en graankiem, uitgesonderd— (*a*) rysgort, rysmeel, ryskiem, en ander verwerkte rys; (*b*) gort in blokvorm, pot- en pêrelgort.
Ex. B.N. 23.02.....	Semels, slenters en ander oorblyfsels verkry van die sif, maal of bewerking van graansoorte met die uitsondering van rys, en uitgesonderd die oorblyfsels van peulgroente.

II

Suid-Afrikaanse Ambassade,
Londen,
22 Junie 1964.

Hoogedele heer,

Ek het die eer om ontvangs van u Nota No. UES 1023/154 van 22 Junie 1964, wat soos volg lui, te erken:—

Soos in I hierbo.

In antwoord het ek die eer om u mee te deel dat die voorafgaande vir die Regering van Suid-Afrika aanvaarbaar is, wat dus u Nota, tesame met die Bylae, waarvan ek 'n afskrif insluit, en hierdie antwoord ag 'n ooreenkoms tussen die twee Regerings oor die aangeleentheid uit te maak, wat op vandag se datum in werking sal tree.

Met die hernieude versekering van my hoogste agting.

CAREL DE WET,
Ambassadeur.

Sy Hoogedele,
Die Graaf van Dundee, V.R., D.L., LL.D.,
Ministerie van Buitelandse Sake,
Londen, S.W.1.

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID.

No. 23.] [8 Januarie 1965.

AANSTELLING.—HOSPITAALRAAD VAN UMGENI WATERFALL-INRIGTING, HOWICK.

Die Minister van Gesondheid het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vier-en-vyftig* van die Wet op Geestesgebreken, 1916 (Wet No. 38 van 1916), dr. A. L. Rencken in die plek van dr. J. J. S. Strydom as lid en Voorsitter van die Hospitaalraad van Umgeni Waterfall-inrigting aangestel met ingang van 12 Oktober 1964, vir die onverstreke gedeelte van die huidige Raad se ampstermyn wat op 31 Desember 1965 verstryk.

No. 24.] [8 Januarie 1965.

AANSTELLING.—WESKOPPIES-HOSPITAALRAAD, PRETORIA.

Die Minister van Gesondheid het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vier-en-vyftig* van die Wet op Geestesgebreken, 1916 (Wet No. 38 van 1916), ondergenoemde persone as lede van die Weskoppies-hospitaalraad aangestel vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van 23 November 1964:—

Mnr. W. Impey (Voorsitter).
Dr. F. Ziady.
Mnr. J. J. Pickard.

ANNEX.

COMMODITIES TO BE SPECIFIED.

Tariff Heading.	*Description.*
B.N. 10.01.....	Wheat and meslin.
B.N. 10.03.....	Barley.
B.N. 10.04.....	Oats.
Ex. B.N. 10.05.....	Maize, other than sweet corn on the cob.
Ex. B.N. 10.07.....	Grain sorghum.
Ex. B.N. 11.01.....	Cereal flours, other than rice flour.
Ex. B.N. 11.02.....	Cereal groats, cereal meals, other worked cereals and germs of cereals other than— (*a*) rice groats, rice meal, germ of rice and other worked rice; (*b*) blocked, pot and pearled barley.
Ex. B.N. 23.02.....	Bran, sharps and other residues derived from the sifting, milling or working of cereals other than of rice, and excluding the residues of leguminous vegetables.

II

South African Embassy,
London,
22nd June, 1964.

My Lord,

I have the honour to acknowledge the receipt of Your Lordship's Note No. UES 1023/154 of the 22nd of June, 1964, which reads as follows:—

As in I above.

In reply, I have the honour to inform you that the foregoing is acceptable to the Government of the Republic of South Africa, who therefore regard Your Lordship's Note, together with its Annex, a copy of which I inclose, and this reply as constituting an agreement between the two Governments in this matter, which shall enter into force on this day's date.

I avail myself of this opportunity to renew to Your Lordship the assurances of my highest consideration.

CAREL DE WET,
Ambassador.

The Rt. Hon. The Earl of Dundee, J.P., D.L., LL.D.,
Foreign Office,
London, S.W.1.

DEPARTMENT OF HEALTH.

No. 23.] [8 January 1965.

APPOINTMENT.—HOSPITAL BOARD, UMGENI WATERFALL INSTITUTION, HOWICK.

The Minister of Health has, in terms of the powers conferred on him by section *fifty-four* of the Mental Disorders Act, 1916 (Act No. 38 of 1916), appointed Dr. A. L. Rencken to be a member as well as Chairman of the Hospital Board for the Umgeni Waterfall Institution *vice* Dr. J. J. S. Strydom, with effect from the 12th October, 1964, for the unexpired portion of the present Board's term of office which expires on the 31st December, 1965.

No. 24.] [8 January 1965.

APPOINTMENT.—WESKOPPIES HOSPITAL, PRETORIA.

The Minister of Health has, under the powers conferred on him by section *fifty-four* of the Mental Disorders Act 1916 (Act No. 38 of 1916), appointed the following persons to be members of the Weskopies Hospital Board for a period of three years as from the 23rd November, 1964:—

Mr. W. Impey (Chairman).
Dr. F. Ziady.
Mr. J. J. Pickard.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING.

No. 20.] [8 Januarie 1965.

SUID-AFRIKAANSE SITRUSSKEMA.

HEFFING OP SITRUSVRUGTE WAT UIT DIE REPUBLIEK UITGEVOER WORD.

Ooreenkomstig artikel *nege-en-twintig* van die Bemarkingswet, 1937 (Wet No. 26 van 1937), soos gewysig, maak ek, DIRK CORNELIS HERMANUS UYS, Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking, hierby bekend dat die Sitrusraad genoem in artikel 3 van die Suid-Afrikaanse Sitrusskema, afgekondig by Proklamasie No. R. 121 van 1964, kragtens artikel 17 van genoemde Skema en met my goedkeuring 'n gewone heffing van 5 sent per kissie opgelê het op sitrusvrugte wat vanaf die Republiek uitgevoer word ter vervanging van die gewone heffing van 4 sent per kissie bekendgemaak by Goewermentskennisgewing No. 496 van 3 April 1964.

En voorts maak ek hierby bekend dat genoemde heffing op die eerste dag van Februarie 1965 in werking tree.

D. C. H. UYS,
Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking.

OPMERKING.—Die spesiale heffing van een sent per kissie deur die Raad opgelê op sitrusvrugte wat uit die Republiek uitgevoer word soos bekendgemaak by Goewermentskennisgewing No. 496 van 3 April 1964 bly onveranderd.

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING.

No. 20.] [8 January 1965.

SOUTH AFRICAN CITRUS SCHEME.

LEVY ON CITRUS FRUIT EXPORTED FROM THE REPUBLIC.

In terms of section *twenty-nine* of the Marketing Act, 1937 (Act No. 26 of 1937), as amended, I, DIRK CORNELIS HERMANUS UYS, Minister of Agricultural Economics and Marketing, hereby make known that the Citrus Board referred to in section 3 of the South African Citrus Scheme, published by Proclamation No. R. 121 of 1964, has, in terms of section 17 of the said Scheme and with my approval, imposed on citrus fruit exported from the Republic an ordinary levy of 5 cents per case, in substitution for the ordinary levy of 4 cents per case made known by Government Notice No. 496 of the 3rd April, 1964.

And I hereby further make known that the said levy shall come into operation on the first day of February, 1965.

D. C. H. UYS,
Minister of Agricultural Economics and Marketing.

NOTE.—The special levy of one cent per case imposed by the Board on citrus fruit exported from the Republic as published by Government Notice No. 496 of the 3rd April, 1964, remains unchanged.

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

No. 29.] [8 Januarie 1965.

WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN BOUWERK, 1941, SOOS GEWYSIG.—ONAFGEBROKE WERK.

Ek, ALFRED ERNEST TROLLIP, Minister van Arbeid verklaar hierby kragtens die voorbehoudsbepaling van paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *negentien* van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, soos gewysig, dat die vervaardiging van nylon gare soos uitgevoer deur South African Nylon Spinners (Pty.), Ltd., in die landdrosdistrik Bellville, 'n bedrywigheid is waarin onafgebroke werk deur middel van drie skofte per dag nodig is.

Die firma moet die volgende voorwaardes ten opsigte van werknemers wat sodanige skofte werk, nakom:—

(*a*) Indien 48 uur in enige week gewerk word, moet oortydbesoldiging teen minstens een en 'n derde maal die werknemer se gewone loon ten opsigte van die addisionele twee uur betaal word;

(*b*) indien een van die ses dae waarop daar gewerk word, op 'n Sondag val, moet 'n werknemer teen minstens een en 'n half maal sy gewone besoldiging betaal word ten opsigte van alle tyd wat hy op sodanige Sondag gewerk het; en

(*c*) indien daar van 'n werknemer vereis word of hy toegelaat word om op sy weeklikse vry dag te werk, moet hy ten opsigte van die hele tydperk wat hy op so 'n dag werk, betaal word teen minstens twee maal sy gewone besoldiging; met dien verstande dat hy nie minder betaal mag word nie as twee maal die gewone besoldiging betaalbaar ten opsigte van die tydperk wat hy gewoonlik op 'n weekdag werk.

A. E. TROLLIP,
Minister van Arbeid.

DEPARTMENT OF LABOUR.

No. 29.] [8 January 1965.

FACTORIES, MACHINERY AND BUILDING WORK ACT, 1941, AS AMENDED.—CONTINUOUS WORKING.

I, ALFRED ERNEST TROLLIP, Minister of Labour in terms of the proviso to paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *nineteen* of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, as amended, hereby declare the manufacture of nylon yarn as carried on by South African Nylon Spinners (Pty.), Ltd., in the Magisterial District of Bellville, to be an activity in which continuous working by means of three shifts per day is necessary.

The firm concerned shall in respect of employees engaged on such shifts observe the following conditions:—

(*a*) If 48 hours are worked in any week, overtime at a rate of not less than one and one-third times the employee's ordinary remuneration shall be paid in respect of the additional two hours;

(*b*) if one of the six days worked falls on a Sunday, an employee shall be paid at a rate of not less than one and one-half times his ordinary remuneration in respect of the total period worked by him on such Sunday; and

(*c*) if an employee is required or permitted to work on his weekly day off, he shall be paid at a rate of not less than double his ordinary remuneration in respect of the total period worked on such day; provided that he shall not be paid less than double his ordinary remuneration payable in respect of the period ordinarily worked by him on a week day.

A. E. TROLLIP,
Minister of Labour.

No. 39.] [8 Januarie 1965.

LOONWET, No. 5 VAN 1957

LOONRAADAANBEVELING. — PRIVAATHOTEL- EN LOSIESHUISBEDRYF, SEKERE KUS GEBIEDE.

Onderstaande verbetering aan Goewermentskennisgewing No. 2125 van 24 Desember 1964 word gepubliseer:—

In die Afrikaanse Teks.

Klousule 3 (1) (*a*) (ii).

In die laaste kolom teenoor die woorde „Kelner, ongekwalifiseerd:—

Gedurende die tweede ses maande ondervinding" vervang die syfer „22.20" deur die syfer „22.00".

No. 41.] [8 Januarie 1965.

LOONWET, 1957.

LOONRAADONDERSOEK: WASSERY-, DROOGSKOONMAAK- EN KLEURBEDRYF, SEKERE GEBIEDE.

Die Loonraad het 'n opdrag in verband met bovermelde Bedryf ontvang en gee ooreenkomstig artikel *nege* van die Loonwet, 1957, kennis dat die ondersoek begin het en dat die Raad te gelegener tyd verslag sal doen oor en 'n aanbeveling aan die Minister van Arbeid sal voorlê betreffende die Wassery-, Droogskoonmaak- en Kleurbedryf, Sekere Gebiede.

Belanghebbende persone word hierby die geleentheid gebied om skriftelike vertoë tot die Raad te rig. Dié vertoë, saam met sewe afskrifte daarvan, moet die Sekretaris, Loonraad, Privaatsak 108, Pretoria, voor of op 12 Februarie 1965 bereik.

Die opdrag lui:—

„Die Adjunk-minister van Arbeid, handelende namens die Minister van Arbeid, versoek die Loonraad ooreenkomstig artikel *vier* van die Loonwet, 1957, om ondersoek in te stel na en aan hom verslag te doen oor die Wassery-, Droogskoonmaak- en Kleurbedryf in die volgende gebiede:—

Kaapprovinsie.—Die landdrosdistrikte Bellville, die Kaap, Kimberley, Paarl, Port Elizabeth, Simonstad, Somerset-Wes, Stellenbosch, Uitenhage, Wellington, Worcester en Wynberg en die munisipale gebied van Oos-Londen.

Natal.—Die landdrosdistrikte Durban (uitgesonderd die gebied wat binne 'n straal van 15 myl van die Hoofposkantoor, Durban, val), Inanda, Pinetown en Pietermaritzburg.

Oranje-Vrystaat.—Die landdrosdistrikte Bloemfontein, Sasolburg en Welkom.

Transvaal.—Die landdrosdistrikte Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Johannesburg, Kempton Park, Klerksdorp, Krugersdorp, Nigel, Oberholzer, Pretoria, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark en Vereeniging.

Vir die doel van hierdie ondersoek gee die Adjunkminister, namens die Minister, opdrag dat die ondersoek ingestel moet word ten opsigte van alle klasse werknemers in die bedryf.

Ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *ses* van die Wet gee die Adjunk-minister, namens die Minister, voorts aan die Raad opdrag om 'n aanbeveling aan hom voor te lê.

In hierdie opdrag beteken—

'Wassery-, Droogskoonmaak- en Kleurbedryf' die bedryf waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is met die doel om een of meer van die volgende aktiwiteite te verrig:—

(*a*) Die was, stryk, pers, skoonmaak, kleur of heelmaak van artikels volgens die bestellings van klante in 'n bedryfsinrigting wat ingevolge die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, geregistreer is of aan registrasie onderworpe is;

No. 39.] [8 January 1965.

WAGE ACT, No. 5 OF 1957.

WAGE BOARD RECOMMENDATION.—PRIVATE HOTEL AND BOARDING-HOUSE TRADE, CERTAIN COASTAL AREAS.

The following correction to Government Notice No. 2125 of the 24th December, 1964, is published:—

In the Afrikaans Version.

Clause 3 (1) (*a*) (ii).

In the last column opposite the words "Kelner, ongekwalifiseerd:—

Gedurende die tweede ses maande ondervinding" substitute the figure "22.00" for the figure "22.20".

No. 41.] [8 January 1965.

WAGE ACT, 1957.

WAGE BOARD INVESTIGATION: LAUNDRY, DRY CLEANING AND DYEING TRADE, CERTAIN AREAS.

The Wage Board has received a reference in respect of the above-mentioned Trade and gives notice in terms of section *nine* of the Wage Act, 1957, that the investigation has commenced and that the Board will in due course report on and submit a recommendation to the Minister of Labour concerning the Laundry, Dry Cleaning and Dyeing Trade, Certain Areas.

Interested persons are hereby given the opportunity of making written representations to the Board. Such representations, accompanied by seven copies thereof, should reach the Secretary, Wage Board, Private Bag 108, Pretoria, not later than the 12th February, 1965.

The reference reads:—

"The Deputy-Minister of Labour, acting on behalf of the Minister of Labour, requests the Wage Board in terms of section *four* of the Wage Act, 1957, to investigate and report to him concerning the Laundry, Dry Cleaning and Dyeing Trade in the following areas:—

Cape Province.—The Magisterial Districts of Bellville, the Cape, Kimberley, Paarl, Port Elizabeth, Simonstown, Somerset West, Stellenbosch, Uitenhage, Wellington, Worcester and Wynberg and the Municipal Area of East London.

Natal.—The Magisterial Districts of Durban (excluding the area falling within a radius of 15 miles from the General Post Office, Durban), Inanda, Pinetown and Pietermaritzburg.

Orange Free State.—The Magisterial Districts of Bloemfontein, Sasolburg and Welkom.

Transvaal.—The Magisterial Districts of Alberton Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Johannesburg, Kempton Park, Klerksdorp, Krugersdorp, Nigel Oberholzer, Pretoria, Randfontein, Roodepoort Springs Vanderbijlpark and Vereeniging.

For the purpose of this investigation the Deputy-Minister, on behalf of the Minister, directs that the investigation shall be in respect of all classes of employees in this trade.

In terms of sub-section (1) of section *six* of the Act the Deputy-Minister, on behalf of the Minister, further directs the Board to submit to him a recommendation.

In this reference:—

'Laundry, Dry Cleaning and Dyeing Trade' means the trade in which employers and employees are associated for the purpose of carrying on any one or more of the following activities:—

(*a*) Washing, ironing, pressing, cleaning, dyeing or mending articles to the order of customers in an establishment which is registered or liable for registration in terms of the Factories Machinery and Building Work Act, 1941;

(*b*) die gebruik van voertuie of die bestuur van depots, afgesien daarvan of sodanige voertuie in verband staan met of sodanige depots deel uitmaak van of in verband staan met bedryfsinrigtings waar die aktiwiteite in (*a*) genoem, uitgeoefen word, met die doel om bestellings vir die was, stryk, pers, skoonmaak, kleur of heelmaak van artikels te soek, aan te vra of te werf, en omvat die insameling, ontvangs of aflewering van sodanige artikels;

en omvat verder alle werksaamhede wat met enigeen van voornoemde bedrywighede in verband staan of daaruit voortspruit, maar omvat nie 'n wassery wat deur 'n opvoedkundige inrigting ten behoewe van inwonende leerlinge of studente aangehou word nie;

'bedryfsinrigting' enige perseel waarin of in verband waarmee een of meer werknemers in diens is in enigeen van die werksaamhede genoem in die Wassery-, Droogskoonmaak- en Kleurbedryf."

(*b*) using vehicles or conducting depots, whether or not such vehicles are connected with or such depots form part of or are connected with an establishment in which the activities specified in (*a*) are performed, for the purpose of canvassing, inviting or soliciting orders for articles to be washed, ironed, pressed, cleaned, dyed or mended, and includes the collecting, receiving or delivering of such articles;

and further includes all operations incidental to or consequent on any of the aforesaid activities, but does not include a laundry which is operated by an educational institution on behalf of resident pupils or students;

'establishment' means any premises in or in connection with which one or more employees are engaged in any activity specified in the Laundry, Dry Cleaning and Dyeing Trade."

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

No. 10.] [8 Januarie 1965.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA.
(OOS-KAAPSE AFDELING.)

EERSTE GRENS RONDGAANDE HOF, 1965.

Kragtens die bevoegdheid my verleen in artikel *sewe* van Wet No. 59 van 1959, gee ek hiermee kennis dat ek die volgende rondgangdistrikte vir 'n sitting van bogemelde Hof gevorm het:—

1. Die distrik Queenstown, tesame met die distrikte Cathcart, Elliot, Glen Grey, Indwe, Maclear, Sterkstroom, Tarka, Wodehouse, Xalanga, Aliwal-Noord, Albert, Stutterheim, Barkly-Oos, Herschel, Jamestown, Lady Grey, Molteno, Venterstad, King William's Town, Victoria-Oos, Keiskammahoek, Komga, Middeldrift.
2. Die distrik Cradock, tesame met die distrikte Colesberg, Hanover, Maraisburg, Steynsburg, Noupoort.
3. Die distrik Uitenhage, tesame met die distrikte Humansdorp, Kirkwood, Steytlerville.
4. Die distrik Graaff-Reinet tesame met die distrikte Aberdeen, Jansenville, Murraysburg, Middelburg, Pearston.

En voorts beveel en gelas ek dat gemelde rondgaande hof sittings moet hou op die dorpe en op die datums in bygaande Bylae vermeld, met dien verstande dat, ingeval die regter deur 'n onvoorsiene omstandigheid of opontholud verhinder word om 'n sitting van die rondgaande hof te open op enigeen van gemelde plekke op die datums wat vir die doel vasgestel is, so 'n sitting van die rondgaande hof geopen moet word op die dag en datum waarop die regter op so 'n plek aankom of so spoedig daarna as wat gerieflik is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Oos-Kaapse afdeling) te Grahamstad, op hede die Vier-en-twintigste dag van Desember 1964.

A. G. JENNETT,
Regter-president.

BYLAE

Queenstown, 3 Februarie 1965, om 9.30 vm.
Cradock, 5 Februarie 1965, om 9.30 vm.
Uitenhage, 10 Februarie 1965, om 9.30 vm.
Graaff-Reinet, 15 Februarie 1965, om 9.30 vm.

DEPARTMENT OF JUSTICE.

No. 10.] [8 January 1965.

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA.
(EASTERN CAPE DIVISION.)

FIRST BORDER CIRCUIT COURT, 1965.

Under and by virtue of the powers in me vested by section *seven* of Act No. 59 of 1959, I hereby give notice that I have constituted the following Circuit Districts for the sitting of the above-mentioned Court:—

1. The District of Queenstown together with the Districts of Cathcart, Elliot, Glen Gray, Indwe, Maclear, Sterkstroom, Tarka, Wodehouse, Xalanga, Aliwal North, Albert, Barkley East, Herschel, Jamestown, Lady Grey, Molteno, Venterstad, King William's Town, Victoria East, Keiskammahoek, Komga, Middeldrift, Stutterheim.
2. The District of Cradock together with the Districts of Colesberg, Hanover, Maraisburg, Murraysburg, Steynsburg, Noupoort.
3. The District of Uitenhage together with the Districts of Humansdorp, Kirkwood, Steytlerville.
4. The District of Graaff-Reinet together with the Districts of Aberdeen, Jansenville, Middelburg, Pearston.

And I do further direct and appoint that the said Circuit Court shall be holden in the towns and on the dates set forth in the Schedule hereto, provided that in the event of the Judge being prevented by any unforeseen cause or delay from opening the Circuit Court at any of the said places on the day fixed for the purpose, such Circuit Court shall be opened on the day on which the Judge shall arrive at such place or as soon thereafter as conveniently may be.

Given under my Hand and the Seal of the Supreme Court of South Africa (Eastern Cape Division) at Grahamstown, the Twenty-fourth day of December, 1964.

A. G. JENNETT,
Judge President.

SCHEDULE.

Queenstown, 3rd February, 1965, at 9.30 a.m.
Cradock, 5th February, 1965, at 9.30 a.m.
Uitenhage, 10th February, 1965, at 9.30 a.m.
Graaff-Reinet, 15th February, 1965, at 9.30 a.m.

No. 40.] [8 Januarie 1965.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA. (OOS-KAAPSE AFDELING.)

EERSTE TRANSKEISE RONDGAANDE HOF, 1965.

Kragtens die bevoegdheid my verleen in artikel *sewe* van Wet No. 59 van 1959, gee ek hiermee kennis dat ek die volgende rondgangdistrikte vir 'n sitting van bovermelde hof gevorm het:—

1. Die distrik Mount Currie, tesame met die distrikte Bizana, Flagstaff, Matatiele, Lusikisiki, Mount Ayliff, Mount Frere, Mount Fletcher, Tabankulu, Umzimkulu, Kokstad.

2. Die distrik Butterworth, tesame met die distrikte Idutywa, Kentani, Nqamakwe, St. Marks, Tsomo, Willowvale.

3. Die distrik Umtata, tesame met die distrikte Elliotdale, Engcobo, Libode, Mqanduli, Ngqeleni, Port St. Johns, Qumbu en Tsolo.

En voorts beveel en gelas ek dat die gemelde rondgaande hof sittings moet hou op die dorpe en op die datums in bygaande Bylae vermeld, met dien verstande, dat ingeval die Regter deur 'n onvoorsiene omstandigheid of oponthoud verhinder word om 'n sitting van die rondgaande hof te open op enigeen van gemelde plekke op die datums wat vir die doel vasgestel is, so 'n sitting van die rondgaande hof ge-open moet word op die dag en datum waarop die Regter op so 'n plek aankom of so spoedig daarna as wat gerieflik is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Oos-Kaapse afdeling) te Grahamstad op hede die Vier-en-twintigste dag van Desember 1964.

A. G. JENNETT,
Regter-president.

BYLAE.

Kokstad, 19 Januarie 1965, om 9.30 vm.
Butterworth, 28 Januarie 1965, om 9.30 vm.
Umtata, 3 Februarie 1965, om 9.30 vm.

DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE.

No. 38.] [8 Januarie 1965.

(*a*) PROKLAMERING VAN DIE NUWE GEVANGENIS TE VEREENIGING.

(*b*) SLUITING VAN DIE OU GEVANGENIS.

Dit het Sy Edele die Minister van Justisie behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by Artikel *twintig* (1) (*a*) van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet No. 8 van 1959), sy goedkeuring te heg aan die sluiting van die ou gevangenis te Vereeniging met ingang van 25 September 1964, en die proklamering van die nuwe gevangenis, geleë op Erf No. 1278, aan Berkowitz-, Bertha- en Sharpestraat, Gedeelte 101 van die plaas Leeuwkuil No. 81, tans bekend as Vereenigingdorpsgebied-uitbreiding No. 2, distrik Vereeniging, met ingang van 26 September 1964, as 'n gevangenis en gevangenisperseel vir die opneming, aanhouding, opsluiting, opleiding en behandeling van persone wat in bewaring aangehou moet word hetsy kragtens 'n vonnis van 'n hof of voor veroordeling, of wat andersins kragtens 'n wetsbepaling aangehou, opgesluit of behandel moet word en dat die inrigting bekend staan as „ Vereeniginggevangenis ".

DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE.

No. 18.] [8 Januarie 1965.

Dit het die Staatspresident behaag om op 7 Desember 1964 erkenning te verleen aan mnr. George Arthur Alfred Chapman as Ere-vise-konsul van die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland in Oos-Londen. Mnr. Chapman is die opvolger van mnr. E. C. Fitz-Patrick.

No. 40.] [8 January 1965.

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA. (EASTERN CAPE DIVISION.)

FIRST TRANSKEIAN CIRCUIT COURT, 1965.

Under and by virtue of the powers in me vested by section *seven* of Act No. 59 of 1959, I hereby give notice that I have constituted the following Circuit Districts for the sitting of the above-mentioned Court:—

1. The District of Mount Currie, together with the Districts of Bizana, Flagstaff, Matatiele, Lusikisiki, Mount Ayliff, Mount Frere, Mount Fletcher, Tabankulu, Umzimkulu, Kokstad.

2. The District of Butterworth, together with the Districts of Idutywa, Kentani, Nqamakwe, St. Marks, Tsomo, Willowvale.

3. The District of Umtata, together with the Districts of Elliotdale, Engcobo, Libode, Mqanduli, Ngqeleni, Port St. Johns, Qumbu, Tsolo.

And I do further direct and appoint that the said Circuit Court shall be holden in the towns and on the dates set forth in the Schedule hereto, provided that in the event of the Judge being prevented by any unforeseen cause or delay from opening the Circuit Court at any of the said places on the day fixed for the purpose, such Circuit Court shall be opened on the day on which the Judge shall arrive at such place or so soon thereafter as conveniently may be.

Given under my Hand and the Seal of the Supreme Court of South Africa (Eastern Cape Division) at Grahamstown, the Twenty-fourth day of December, 1964.

A. G. JENNETT,
Judge President.

SCHEDULE.

Kokstad, 19th January, 1965 at 9.30 a.m.
Butterworth, 28th January, 1965 at 9.30 a.m.
Umtata, 3rd February, 1965 at 9.30 a.m.

DEPARTMENT OF PRISONS.

No. 38.] [8 January 1965.

(*a*) PROCLAMATION OF THE NEW PRISON AT VEREENIGING.

(*b*) CLOSING OF THE OLD PRISON.

The Honourable the Minister of Justice has been pleased to approve, by virtue of the power in him vested by section *twenty* (1) (*a*) of the Prisons Act, 1959 (Act No. 8 of 1959), the closing of the old prison at Vereeniging, with effect from 25th September, 1964, and the proclamation of the new prison, situate on certain Erf No. 1278, on Berkowitz, Bertha and Sharpe Streets, Portion 101 of the farm Leeuwkuil No. 81, now known as the township of Vereeniging Extension No. 2, situate in the District of Vereeniging, with effect from 26th September, 1964, as a prison for the reception, detention, confinement, training and treatment of persons liable to detention in custody, whether under sentence of court, or prior to sentence, or otherwise required by law to be detained, confined or treated, and that the prison shall be known as the " Vereeniging Prison ".

DEPARTMENT OF FOREIGN AFFAIRS.

No. 18.] [8 January 1965.

The State President has been pleased to grant recognition on the 7th December, 1964, to Mr. George Arthur Alfred Chapman as Honorary Vice-Consul of the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland in East London. Mr. Chapman is the successor to Mr. E. C. Fitz-Patrick.

No. 17.] [8 Januarie 1965.

Dit het die Staatspresident behaag om op 7 Desember 1964 erkenning te verleen, met ingang van 31 Oktober 1964, aan mnr. J. T. Hyslop as Konsul van die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland in Johannesburg met die Provinsies Transvaal en Oranje-Vrystaat en die gebied wat beslaan word deur die landdrosdistrikte in Griekwaland-Wes as sy regsgebied in afwagting van die uitreiking aan hom van 'n Erkenningsbesluit. Mnr. Hyslop is die opvolger van mnr. F. I. Lamb.

No. 21.] [8 Januarie 1965.

Dit het die Staatspresident behaag om op 9 Desember 1964, erkenning te verleen, met ingang van 22 Oktober 1964 aan mnr. Robert A. Rockweiler as Konsul van die Verenigde State van Amerika in Johannesburg, vir Johannesburg en die voorgeskrewe distrik daarvan in afwagting van die uitreiking aan hom van 'n Erkenningsbesluit. Mnr. Rockweiler is die opvolger van mnr. J. C. Rogers.

No. 22.] [8 Januarie 1965.

Dit het die Staatspresident behaag om op 8 Desember 1964 erkenning te verleen aan mnr. Ernst Pasche as Visekonsul van die Bondsrepubliek Duitsland in Kaapstad met die Provinsie Kaap die Goeie Hoop as sy regsgebied. Mnr. Pasche is die opvolger van mnr. P. K. W. Wenzel.

ALGEMENE KENNISGEWINGS.

KENNISGEWING No. 974 VAN 1964.

Kennisgewing ingevolge subartikel (3) van artikel *negentien* van die Wet op die Ontwikkeling van Groepsgebiede, 1955 (Wet No. 69 van 1955), soos gewysig, aan eienaars en verbandhouers wie se addresse onbekend is.

Eienaars van en verbandhouers oor die onderstaande eiendomme word hierby in kennis gestel dat die basiese waarde daarvan finaal bepaal is soos aangeteken teenoor die betrokke eiendom in die Bylae tot hierdie kennisgewing.

No. 17.] [8 January 1965.

The State President has been pleased to grant recognition on the 7th December, 1964, with effect from the 31st October, 1964, to Mr. J. T. Hyslop as Consul of the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland in Johannesburg with jurisdiction over the Provinces of the Transvaal and the Orange Free State and the area comprising the Magisterial Districts of Griqualand West in anticipation of the issuance to him of an Exequatur. Mr. Hyslop is the successor to Mr. F. I. Lamb.

No. 21.] [8 January 1965.

The State President has been pleased to grant recognition on the 9th December, 1964, with effect from the 22nd October, 1964, to Mr. Robert A. Rockweiler as Consul of the United States of America in Johannesburg, for Johannesburg and its prescribed district in anticipation of the issuance to him of an Exequatur. Mr. Rockweiler is the successor to Mr. J. C. Rogers.

No. 22.] [8 January 1965.

The State President has been pleased to grant recognition on the 8th December, 1964, to Mr. Ernst Pasche as Vice-Consul of the Federal Republic of Germany in Cape Town with jurisdiction over the Province of the Cape of Good Hope. Mr. Pasche is the successor to Mr. P. K. W. Wenzel.

GENERAL NOTICES.

NOTICE No. 974 OF 1964.

Notice in terms of sub-section (3) of section *nineteen* of the Group Areas Development Act, 1955 (Act No. 69 of 1955), as amended, to owners and mortgagees whose addresses are not known.

Owners of and mortgagees over the undermentioned properties are hereby notified that the basic values thereof have been finally determined as indicated in the Schedule to this Notice.

SCHEDULE.—*BYLAE.*

Property. *Eiendom.*	Extent. *Grootte.*	Final Basic Value. *Finale basiese waarde.*	Owner(s). *Eienaar(s).*
The following properties from portions of the farm Cato Manor No. 812, Durban/*Die volgende eiendomme is alma 'n deel van die plaas Cato Manor No. 812, Durban:—*			
A of/*van* No. 4 of/*van* No. 13 of/*van* GG	20·23 pcs.	R450.00	Virasamy; Chengalraya Naidoo; Soobramoney.
No. 39 of/*van* No. 24 of/*van* GG	37·36 pcs.	R1,580.00	Dharmalingam.
Rem. of/*Rest. van* No. 31 of/*van* MBM	7,850 sq. ft./*vk. vt.*	R920.00	J. Joseph.
No. 37 of/*van* A of/*van* No. 88 of/*van* MB4	16,658 sq. ft./*vk. vt.*	R860.00	Mbosho Tshongwe.
No. 20 of/*van* No. 88 of/*van* MB4	14,263 sq. ft./*vk. vt.*	R576.00	J. A. Mgiqo.
D of/*van* No. 161 of/*van* MB6	14,728 sq. ft./*vk. ct.*	R998.00	Subramoney.
Rem. of/*Rest. van* No. 44 of/*van* MB8	15,463 sq. ft./*vk. vt.*	R4,330.00	Pannuswami; Marriappen.
No. 6 of/*van* A of /*van* No. 24 of/*van* P of/*van* O	2 roods/*roede*	R1,004.00	Sukha.
Rem. of/*Rest. van* No. 66 of/*van* P of/*van* O	3 roods/*roede* 39·86 pcs.	R4,480.00	Hanifa Bee; M. Hanif; O. Mansab; Suleman; Rassoolun; Ilabi; K. By; K. Bee; Jainab.
No. 4 of/*van* B3 of/*van* SB3	10,865 sq. ft./*vk. vt.*	R604.00	Abbi.
No. 2 of/*van* SB3	1 acre	R1,500.00	Pethai Khan; Goolabh Khan; Said Omersha.
Rem. of/*Rest. van* No. 39 of/*van* SB3	33,798 sq. ft./*vk. vt.*	R1,540.00	Coopusamy Gramany.
No. 2 of/*van* Dunbar of/*van* SB5	11,282 sq. ft./*vk. vt.*	R630.00	Shree Sanathan Dharma Sabha Trust (Natal).
No. 33 of/*van* Dunbar of/*van* SB5	16,181 sq. ft./*vk. vt.*	R550.00	Ankannoo.
No. 29 of/*van* T	13,083 sq. ft./*vk. vt.*	R680.00	Saradah Devi.
The following properties form part of Duikerfontein No. 785, Durban/*Die volgende eiendomme is 'n deel van die plaas Duikerfontein No. 785, Durban:—*			
H of/*van* No. 1 of/*van* Khan of/*van* G	16,964 sq. ft./*vk. vt.*	R800.00	Munsamy.
No. 5 of/*van* Khan of/*van* G	2 roods/*roede* 1·42 pcs.	R1,396.00	Veerabadran & Ramsamy.
D of/*van* No. 1 of/*van* H	14,838 sq. ft./*vk. vt.*	R3,530.00	Marimuthu; Gonesa; Soobramoney; Nagan.
E of/*van* No. 1 of/*van* H	10,890 sq. ft./*vk. vt.*	R1,150.00	Chellan.
Rem. of/*Rest. van* No. 23 of/*van* J3	26,463 sq. ft./*vk. vt.*	R6,776.00	David Endicott Craig.
A of/*van* No. 32 of/*van* Nos. 9 10 11 and/*en* 19	12,570 sq. ft./*vk. vt.*	R1,000.00	Gideon P. Britz.
K of/*van* Nos. 17 and/*en* 18	1 rood/*roede* 0·19 pcs.	R2,800.00	Emily Ella M. Newlands.
Sub./*Ond.* No. 173 of/*van* Kenville Township/*-dorpsgebied* of/*van* A No. 11 of/*van* Victoria County No. 1335, Durban	32·44 pcs.	R400.00	Johanna Mathilda Kapp.

24–31–8

KENNISGEWING No. 1 VAN 1965.

DEPARTEMENT VAN LANDE.

TENDER.

Tenders vir die aankoop, ooreenkomstig die bepalings van artikel *agtien* (4) van die Nedersettingswet, 1956, word hierby gevra en sal deur die Streeksverteenwoordiger, Departement van Lande, Privaatsak, Bloemfontein, ingewag word vir 'n tydperk van ses (6) weke met ingang van die datum van hierdie kennisgewing en daarna vir solank as wat die eiendomme nog nie verkoop is nie:—

EIENDOMME.

(*a*) Die resterende gedeelte en Onderverdeling 6 van die plaas Weltevreden No. 89, geleë in die distrik Vrede.

Grootte: 222·2218 morg.

Verbeterings: Woonhuis, buitekamers, stoor, koeistal, trekkergarage, rondawel, kraal, 3 gronddamme, boorgat, hoenderhuise, vrugtebome, binne- en buiteheinings.

Ligging: Die plaas is ongeveer 12 myl vanaf Vrede aan die Vrede–Ascent-hoofpad geleë.

(*b*) Onderverdeling 11 ('n onderverdeling van Onderverdeling 7) van die plaas Langverwag No. 1075, geleë in die distrik Vrede.

Grootte: 151·7609 morg.

Verbeterings: Gronddam, populierplantasie, binne- en buiteheinings.

Ligging: Die plaas is ongeveer 27 myl suid vanaf Vrede aan die Vrede–Presentskraal-pad geleë.

(*c*) Gedeelte bekend as Fortuin No. 1308, van die plaas Delmanutha No. 677, geleë in die distrik Vrede.

Grootte: 200 morg.

Verbeterings: Woonhuis, stoor, koeistal. Bantoekamer, rondawel, houtkraal, beesdip en kraal, kraal, 2 gronddamme, vrugte- en sierbome, binne- en buiteheinings.

Ligging: Die plaas is ongeveer 14 myl suid van Vrede geleë.

VERKOOPSVOORWAARDES.

1. Die verkoop van die eiendomme is onderworpe aan bekragtiging deur die Minister van Lande.

2. Indien die Minister van Lande die verkoop bekragtig, moet die koper een tiende van die koopprys van die eiendom binne veertien (14) dae na die datum van kennisgewing dat die verkoop bekragtig is aan die Departement van Lande betaal; die saldo moet in nege gelyke jaarlikse paaiemente betaal word tesame met die rente, teen 'n koers van 5½ persent per jaar gereken vanaf die datum van verkoop, op dié saldo van die koopprys wat van tyd tot tyd verskuldig is. Die koper kan die volle koopprys te eniger tyd betaal indien hy dit verkies.

3. Die rentekoers word as 5½ persent per jaar aangegee. Die rentekoers wat op datum van verkoop die heersende rentekoers is, sal egter van toepassing wees.

4. Grondbriefregistrasiegelde en hereregte is betaalbaar deur die koper.

5. Geen koste sal deur die Staat aangegaan word om die bakens van die grond aan te wys nie.

6. Die koper moet van die verkoopdag af die verbeterings wat op die eiendom is op eie koste en tot tevredenheid van die Minister van Lande in orde en in 'n goeie toestand hou.

7. Die koper mag nie, voordat hy eiendomsreg verkry het, die eiendom of 'n gedeelte daarvan, of sy belange daarin verhuur, verkoop, oordra, verhipotekeer, oormaak, afstaan of op enige manier vervreem nie, behalwe soos in die eersvolgende klousule bepaal.

NOTICE No. 1 OF 1965.

DEPARTMENT OF LANDS.

TENDER.

Tenders for the purchase in terms of the provisions of section *eighteen* (4) of the Land Settlement Act, 1956, are hereby invited and will be received by the Regional Representative, Department of Lands, Private Bag, Bloemfontein, for a period of six (6) weeks from the date of this notice and thereafter for such time as the properties remain unsold:—

PROPERTIES.

(*a*) The remainder and Subdivision 6 of the farm Weltevreden No. 89, situate in the District of Vrede.

Area: 222·2218 morgen.

Improvements: Dwelling-house, outbuildings, store, cowshed, tractor garage, rondavel, kraal, 3 earth dams, borehole, fowl houses, fruit trees, internal and boundary fencing.

Situation: The farm is situated approximately 12 miles from Vrede on the Vrede–Ascent main road.

(*b*) Subdivision 11 (a subdivision of Subdivision 7), of the farm Langverwag No. 1075, situate in the District of Vrede.

Area: 151·7609 morgen.

Improvements: Earth dam, poplar plantation, internal and boundary fencing.

Situation: The farm is situated approximately 27 miles south from Vrede on the Vrede–Presentskraal road.

(*c*) The portion known as Fortuin No. 1308 of the farm Delmanutha No. 677, situate in the District of Vrede.

Area: 200 morgen.

Improvements: Dwelling-house, store, cowshed, Bantu-room, rondavel, wooden kraal, cattle dip and kraal, kraal, 2 earth dams, fruit and ornamental trees, internal and boundary fencing.

Situation: The farm is situated approximately 14 miles south from Vrede.

CONDITIONS OF SALE.

1. The sale of the properties shall be subject to confirmation by the Minister of Lands.

2. In the event of the sale being confirmed by the Minister of Lands, the purchaser shall pay one-tenth of the purchase price of the property to the Department of Lands within fourteen (14) days of the date of notification that the sale has been confirmed; the balance shall be paid in nine equal annual instalments, plus interest on the balance of the purchase price remaining unpaid from time to time, at 5½ per cent per annum reckoned from the date of sale. The purchaser may pay the full purchase price at any time should he so desire.

3. The rate of interest is shown as 5½ per cent per annum. The current rate of interest at date of sale will however be applicable.

4. Deed of grant registration fee and transfer duty will be payable by the purchaser.

5. No costs will be incurred by the State in pointing out the beacons of the land.

6. The purchaser shall, from the date of sale and at his own expense, keep such improvements as may be on the property, in good order and repair to the satisfaction of the Minister of Lands.

7. The purchaser shall not, prior to obtaining freehold title, let, sell, transfer, mortgage, cede, assign, or in any way alienate the property or any part thereof or his interest therein, except as provided in the next succeeding clause.

8. 'n Koper wat nie in gebreke gebly het om die verkoopsvoorwaardes van die kontrak na te kom nie, kan, behoudens die skriftelike goedkeuring van die Minister of van enigeen deur die Minister daartoe gemagtig, maar nie op 'n ander manier nie, self of deur tussenkoms van sy verteenwoordiger ingeval van sy dood of bakrotskap of, by oorgawe van die boedel, deur tussenkoms van sy eksekuteur, trustee of boedelredder, na gelang van die geval, al sy regte kragtens die verkoopkontrak oordra aan 'n persoon deur die Minister goedgekeur, met dien verstand dat die persoon wat dié regte verkry, hom moet verbind om al die voorwaardes van die verkoopkontrak na te kom en daardeur gebind te wees.

9. Ingeval enigeen van die gestelde voorwaardes nie op bevredigende wyse nagekom word nie, het die Staat die reg om weer besit van die eiendom te neem, en alle gelde wat betaal mag wees, tesame met alle verbeterings wat na die datum van verkoop daarop aangebring mag wees, word verbeur. In dié geval word geen vergoeding ten opsigte van sodanige verbeterings deur die Staat betaal nie. Ingeval die verkoop ingetrek en die grond teruggeneem word soos hierin bepaal, moet alle onkoste wat die Staat mag aangaan om die grond weer in besit te neem, deur die koper betaal word.

10. Die regte op alle minerale word voorbehou.

11. Die hoogste of enige tender sal nie noodwendig aangeneem word nie.

12. Tenderaars moet die koopprys meld wat hulle bereid is om vir die eiendom te betaal.

13. Tenders moet aan die Streeksverteenwoordiger, Departement van Lande, Privaatsak, Bloemfontein, gerig word in verseëlde koeverte waarop die woorde „Tender vir Weltevreden" of „Tender vir Langverwag" of „Tender vir Fortuin" geskryf is.

14. Die eiendomme word voetstoots verkoop.

15. Die transportaktes van die eiendomme lê ter insae by die kantoor van genoemde Streeksverteenwoordiger, Departement van Lande, Wardengebou, Henrystraat 52, Bloemfontein.

16. Die Departement het alle pogings aangewend om bostaande inligting so noukeurig moontlik te verstrek, maar is nie vir onjuisthede wat daarin mag voorkom, aanspreeklik nie.

17. Die Staat behou hom die reg voor om die eiendomme aan die voorgestelde verkoop te onttrek ingeval omstandighede so 'n stap wenslik of noodsaaklik maak.

KENNISGEWING No. 2 VAN 1965.

MAATSKAPPYE VAN REGISTER GESKRAP.

